



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**


**GEOGRAFIE V1**

**MODEL 2013**

**BYLAE**



**Hierdie bylae bestaan uit 10 bladsye.**

**FIGUUR 1.2: INTRUSIEWE LANDVORME**



[Bron: Google Image]

**FIGUUR 1.3: MOESONWINDE IN WES-AFRIKA**



[Bron: Media-3.web.com]

**FIGUUR 1.4: DROOGTE**

[Bron: [blogs.clarionledger.com](http://blogs.clarionledger.com)]


**FIGUUR 1.5: GRONDVERSKUIWINGS**

Die Uganda-grondverskuiwing in 2010 het op 1 Maart 2010 in die Bududadistrik in Oos-Uganda plaasgevind. Die grondverskuiwing is deur swaar reënval tussen 12:00 en 19:00 daardie dag veroorsaak. Ten minste 100 mense is na beraming dood.

Die grondverskuiwing het boeredorpie teen die hange van Berg Elgon, insluitend Nameti, Kubewo en Nankobe, vernietig. Vyf-en-tagtig huise is in Nameti alleen vernietig. Baie gebiede in die dorpie, insluitend huise, markte en 'n kerk, is deur die grondverskuiwing begrawe. Baie paaie is ook geblokkeer. Amptenare en reddingswerkers was bekommerd dat verdere grondverskuiwings kon plaasvind, aangesien swaar reënval in die gebied voortgeduur het.


[Bron: [Wikipedia.org](http://Wikipedia.org)]


**FIGUUR 1.6: CUESTAS**



[Bron: [geo.msu.edu](http://geo.msu.edu)]

**FIGUUR 2.1: SEISOENALE TEMPERATUURVERANDERINGE**




**FIGUUR 2.2: CANYONLANDSKAP****FIGUUR 2.3: DIE SKAKEL TUSSEN EL NINŌ EN DIE SINKING VAN DIE TITANIC**

Die RMS Titanic het op 10 April 1912 op haar eerste vaart van Southampton na New York vertrek. Die skip het op 15 April 1912 teen 'n ysberg in die Noord-Atlantiese Oseaan gebots en gesink, en 1 522 mense is dood. Lon S Safko, 'n meteoroloog, het 'n direkte skakel tussen die huidige tempo waarteen lug- en see-oppervlak-temperature in die Noord-Atlantiese Oseaan styg en die smelting van Arktiese ysberge wat afbreek en suidwaarts oor die kruis-Atlantiese skeepsroetes dryf, gevind.

Navorsing toon dat die Noord-Atlantiese Oseaan 'n El Niño-gebeurtenis ervaar het in die winter van 1911/1912 wat veroorsaak het dat watertemperature soveel as 5 °C hoër as normaal was. Safko glo dat dit die onkunde van die kaptein, Edward J Smith, daardie tragiese aand deels kan verklaar, aangesien die vorige 14 jaar se kruisvaarte veel droër, koeler en ysvrye nie-El Niño-toestande ondervind het.


[Bron: Historic/El Niño Information: [http://www.ocregister.com/news/1997/el\\_nino/history/history.html](http://www.ocregister.com/news/1997/el_nino/history/history.html)]

**FIGUUR 2.4: VERWOESTYNING IN AFRIKA**




[Bron: *The Conservation and Rehabilitation of African Lands (FAO 1990)*]

**FIGUUR 2.5: LANDVORME WAT UIT INTRUSIEWE FORMASIES ONTSTAAN**




**FIGUUR 2.6: HANGELEMENTE/-VORME**



[Bron: Google Image]

**FIGUUR 3.3: GRONDEROSIE**



**FIGUUR 3.5: DROOGTE IN AFRIKA****OOS-AFRIKA SE DROOGTE: DIE VOORKOMBARE RAMP**

Volgens 'n nuwe verslag kon die dood van tienduisende mense tydens die droogte in Oos-Afrika voorkom gewees het as die internasionale gemeenskap, skenkerregerings en humanitêre agentskappe vroeër en vinniger gereageer het op die duidelik gevaartekens van 'n naderende ramp.

Syfers wat deur die Departement van Internasionale Ontwikkeling saamgestel is, toon dat tussen 50 000 en 100 000 mense, meer as die helfte kinders jonger as vyf jaar, dood is in die 2011 Horing-van-Afrika-krisis wat Somalië, Etiopië en Kenia geteister het. Duisende word steeds deur wanvoeding bedreig.

Die outeurs van die verslag, wat deur 'Save the Children' en Oxfam gepubliseer is, sê dat huidige noodreaksiestelsels, wat hulle glo ernstige gebreke het, eersdaags weer getoets gaan word omdat 'n nuwe humanitêre krisis in Wes-Afrika en die Sahel kop uitsteek waar groeiende voedseltekorte gerapporteer word.

[Aangepas uit *The Guardian*, Woensdag 18 Januarie 2012]

**FIGUUR 3.6: HANDEL**

[Bron: [cooperativeindividualism.com](http://cooperativeindividualism.com)]



**FIGUUR 4.3: KERNKRAG IN SUID-AFRIKA**


Terwyl die waarskynlike koste van Suid-Afrika se beplande kernkragstasies hoofopskrifte haal, is die meer pertinente vraag: Wanneer gaan dit nou eintlik gebou word?

Die IRP2010-plan – wat in April 2010 bekendgestel is – stel die konstruksie van ses kernkragstasies voor wat teen 2030 9,6 GW energie sal opwek, met 'n nuwe 1 600 MW-kernkragstasie wat elke jaar tussen 2023 en 2026 gebou moet word, en die laaste twee in 2028 en 2029.

Prakties gesproke moes 'n besluit binne 'n jaar geneem word om met die eerste twee van die ses beplande kernkragstasies voort te gaan. Dit het nie gebeur nie. 'n Aankondiging is in middel September gemaak dat Suid-Afrika die besluit om veiligheidsredes met een jaar uitgestel het na die tsunami by Japan se Fukushima-kernkragstasie in Maart 2012.


Dit is beklemtoon dat steenkool wêreldwyd ten spyte van teenstand deur omgewingsgroepe, ten minste tot 2035 as energiebron sal gebruik word.

-Brandan Ryan (aangepas)

**FIGUUR 4.4: GRONDPROFIEL**

[Bron: Google Search]

**FIGUUR 4.5: GLOBALISERING**



**FIGUUR 4.6: GESLAGSONGELYKHEID**

Deelname in landelike loon-  
indiensneming, per geslag (%)

